



30 Mei 2009

Liewe Familie en Vriende

Dis nou twee en 'n half maande sedert Piet onverwags aanbeweeg het. Ons mis hom verskriklik, maar hy het vir ons 'n ewige nalatenskap gelos in die vorm van pragtige herinneringe. Dit, saam met die daaglikse intense bewuswees van God se onbeperkte Liefde en oorvloedige Genade gee ons die krag om voort te gaan ten spyte van die groot gemis. Baie dankie aan almal wat vir God toelaat om daaglik oop kanale te wees waardeur Sy onvoorwaardelike Liefde en Lig na ander vloei – ook na ons.

Piet se heengaan was 'n groot skok, en daarom het ek besluit om tog effens uit te brei oor die aanloop. Min van julle het geweet dat Piet reeds sedert sy universiteitsjare sporadies met depressie gesukkel het. Met elke depressie-episode was die val dieper en die herstelproses langer. As ek nou terugkyk, besef ek dat die tema elke keer dieselfde was: *Ek kan nie cope nie. Dus is ek 'n mislukking.* Tydens hierdie tye het hy ook gereeld vir my gesê dat 'n doodswens ('*ek wens ek is liewer dood*') kort-kort ongevraagd sy denke binnedring. Ongelukkig is die oorsprong van hierdie 'life script' nooit geïdentifiseer en aangespreek nie, want wanneer die medikasie begin werk het, was Piet weer sy ou, vrolike, avontuurlustige self. En dan het ons hoopvol geglo dat dit sy laaste depressie was.

Tydens sy aardse lewe het Piet die rol van 'n 'healer' vervul: baie mense het swaar op hom geleun vir hulp en raad. As prokureur was dit boonop sy daaglikse taak om oplossings vir ander mense se probleme te probeer vind. Dit het hom begin dreineer. Sy battery het hy dan weer gelaai in die veilige intimiteit van ons gesin wanneer hy laatmiddag saam met die seuns sokker gespeel het, op die rusbank na TV rugby, visvang-, reis- en natuurprogramme gekyk het, Soduko se 'klippe kou' probeer uitpuzzel het, soggens en saans in die bed saam met my oor die misterie van Goddelike Liefde en Lig besin het, in die berge of Canyon gaan stap het, of as ons as gesin die land met ons geliefde Kombi verken het. Hy kon veral met oorgawe ontsnap na die opwindende stilte en gewigloosheid van die duikwater waar niemand hom met hulle probleme kon bereik nie, en as ons op Keurbooms was, kon hy nie wag om soggens by die viswater te kom om in Goddelike vrede die son oor die see te sien opkom nie. Terug in PE wou hy my vyf uur in die middag tuis hê sodat ons kon gaan stap of gym toe gaan, popcorn eet, wyn drink en gesels. Naweke wou hy ontvlug na die afgesonderdheid en vrede van die Baviaanskloof of die duikwater, want Maandae moes hy ongelukkig terug na 'n kantoor waar ander mense se probleme vir hom gewag het.

Ten spyte van die feit dat veral die laaste paar jaar se gesinsvakansies op Onrus en Keurbooms, ons staptogte en Kombi-togte besonder intiem en gelukkig was, het die eise en bekommernisse wat die nuwe onbekende 2009 aan sy reeds brose gees gestel het, einde Februarie skielik te veel geword. Hy het binne 'n paar dae so diep in 'n bodemlose diep donker poel van swart dik water weggesink dat ons hom net vir kort momente effens gelig kon kry - tot hy weer weggy. Soos baie van julle weet, neem depressie-medikasie 'n paar weke om effek te begin toon. Piet het nie kans gesien vir die wag nie, veral nie toe die aanhoudende angswekkende paniekaanvalle aangevul word met

selfmoorddrange waarteen hy moes baklei nie. Hy was wanhopig, desperaat, beangs – en letterlik *tot die dood toe* moeg. Danksy die mediese wetenskap weet ons vandag dat, as gevolg van ernstige serotonienwanbalanse in sy brein, Piet se denke tydens sy selfmoord totaal irrasioneel was. Vir hom was dit die regte ding om te doen. **Die wete dat God op daardie oomblik by hom was en hom verder begelei het na 'n ewige lewe van lig, vrede, gewigloosheid en liefde, asook die wete dat ons skeiding net tydelik is, bring ongelooflike berusting.** Ons gun Piet die welverdiende vrede en rus met ons hele hart.

Ek en die kinders is besig om 'n baie steil bult te klim en dit gaan tyd neem voor ons bo kom. Onder die omstandighede gaan dit goed met ons: Nooit een oomblik voel ons alleen nie, want ons is intens bewus van 'n liefdevolle en genadige God wat elke oomblik voor, onder, langs, agter en bo ons is. Ons leer wonderlike dimensies van God ken wat ons nog nie voorheen ervaar het nie. Hierdie soms baie pynlike tog van herstel word dus ook 'n opwindende reis nader aan God.

Mag ons almal deur Piet se weggaan groei. En mag ons almal meer begrip, geduld en deernis vir mense met depressie hê. Dis 'n *dodelike* siekte.

Met baie liefde en dankbaarheid
Alette, Pietman, Gerrit en Eduan



